SENDINGWETENSKAP IN DIE TEOLOGIESE FAKULTEIT VAN DIE NED GEREF KERK AAN DIE UNIVERSITEIT VAN PRETORIA — 'N EVALUERING*

C W H BOSHOFF

ABSTRACT

An evaluation of Missiology at the Faculty of Theology of the Ned. Geref. Kerk at the University of Pretoria

After a brief historical exposé of the establishing of the department of Missiology in 1966, the organisation of the department is described as well as the different fields which are covered in the department. In the evaluation there are many positive aspects to commend but the negative aspects are also pointed out.

1. Die geskiedenis van sendingstudies

Met die totstandkoming van die Teologiese Fakulteit van die Ned Geref Kerk aan die Universiteit van Pretoria op 16 Februarie 1938, presies 50 jaar gelede, is daar slegs vier departemente ingestel met vier hoogleraars.

Dit was Ou Testament — J H Kritzinger
Nuwe Testament — E P Groenewald
Dogmatiek en Etiek — G M Pellissier
Geskiedenis van die Christendom — D Keet
(Kerkgeskiedenis, Vaderlandse Kerkgeskiedenis, Dogmengeskiedenis en Kerkreg).

Praktiese Teologie was destyds nog nie 'n selfstandige departement nie en die vakke is onder die vier professore verdeel. Godsdienswetenskap wat Godsdiensfenomenologie ingesluit het, is deur die departement Dogmatiek en Etiek behartig. Sendingwetenskap wat uit Sendinggeskiedenis en Sendingteorie bestaan het, is deur prof Keet van die departement Geskiedenis van die Christendom slegs aan finalejaars aangebied.

Omdat daar slegs vier professore en hoogstens 20 studente in die vier jaargange was, is die lesings in rotasie aan al die studente gelyk aangebied. Sendingwetenskap is net vir die finalejaars aangebied.

*Lesing gelewer by geleentheid van professor Boshoff se uittrede as hoof van die Departement Godsdiens- en Sendingwetenskap.

In 1949 het ek die voorreg gehad om my aan die Teologiese Fakulteit in te skryf. Ek sou eers in my vierde jaar Sendingwetenskap volg. As gevolg van 'n oplewing in sending aan Tukkies het ek en mnr A J Smuts (destyds in sy derdejaar BD), tans professor in Praktiese Teologie, prof Keet versoek om Sendingwetenskap ook aan die ander drie jaargange aan te bied. Ons het nog twee lesings per week versoek — een in geskiedenis en een in teorie. Prof Keet het dadelik ingewillig. Die lesings sou vrywillig bygewoon word. Persone wat die klasse bygewoon het, was A J Smuts BD III, Koos Bornman BD II, Joël Herholdt BD II, D R de Villiers, tans rektor aan die teologiese skool Witzieshoek, Andrew Hofmeyr, tans sendingsekretaris van die Algemene Sinode, Nico J Smith, tans predikant in Mamelodi (NGKA) na etlike jare as professor in Sendingwetenskap te Stellenbosch, W D Jonker (Prof in Dogmatiek by Stellenbosch) en C W H Boshoff, almal BD I. Al vyf eerstejaars het later hul doktorsgrade verwerf (3 in Sendingteorie, 1 in Sendinggeskiedenis, 1 in Dogmatiek).

Intussen is daar geywer vir die uitbreiding van die Fakulteit om minstens nog twee leerstoele ingestel te kry: een vir Godsdiens- en Sendingwetenskap en een vir Praktiese Teologie.

In 1948 bereik prof Pellissier aftree-ouderdom en word prof A B du Preez vir Dogmatiek beroep. Die kerk besluit egter om weer prof Pellissier as kerklike professor in Praktiese Teologie aan te stel. Hy neem ook Godsdiensfenomenologie en Godsdiensgeskiedenis terwyl prof Du Preez Godsdienssielkunde en Godsdiensfilosofie aanbied.

In 1952 word die departement Godsdiens- en Sendingwetenskap ingestel, maar omdat prof Pellissier aan die einde van daardie jaar finaal aftree word prof H D A du Toit met die oog op Praktiese Teologie in die departement beroep. Hy sou ook Sendingteorie aanbied terwyl prof B J Marais wat intussen vir prof Keet opgevolg het, vir Sendinggeskiedenis verantwoordelik sou wees.

In 1966 word Praktiese Teologie amptelik as departement ingestel en skuif prof Du Toit oor na die departement terwyl ek op 8 September 1966 as senior lektor en hoof van die departement Godsdiens- en Sendingwetenskap beroep word. Ek het in 1968 professor geword nadat ek my doktorsgraad verwerf het. Voor hierdie tyd was ek in bediening in Belfast, die Transvaalse Laeveld en Soweto, en Sendingsekretaris in Suid-Transvaal.

Die studentetalle groei aan en in 1976 word dr Dion Crafford senior lektor in die departement en in dieselfde jaar bevorder tot medeprofessor, nadat hy sendeling in Gazankulu (Rivoni) en hoof van die departement Godsdiens- en Sendingwetenskap aan die Universiteit van die Noorde was.

Tot in 1968 is sendingwetenskap in die eerste drie jaar vrywillig bygewoon, maar sedert 1969 word dit gelykgestel met al die ander departemente. Sedert 1969 het nege persone hulle doktorsgraad onder my leiding verwerf.

Aanvanklik is al die vakke in die departement, naamlik Sendingteorie en Sendinggeskiedenis, Godsdiensgeskiedenis, Godsdiensfenomenologie, en Godsdiensfilosofie deur my alleen aangebied. Godsdienssielkunde het plek gemaak vir pastorale psigologie by Praktiese Teologie. Sedert prof Crafford bygekom het is hy verantwoordelik vir Sendinggeskiedenis en Godsdiensgeskiedenis terwyl Ekumenika ook in die departement bygekom het.

2. Die organisasie van die Departement

2.1 In Sendingteorie val die klem onmiddelik op

2.1.1 die Bybelse fundering van die sending. Deels kan dit dalk toegeskryf word aan die ontwaking in Sendingteologie wat in die tyd ervaar is soos onder andere blyk uit die proefskrifte en ander publikasies wat in die tyd verskyn:

Edwind Roels, *Gods Mission. The Epistle to the Ephesians in mission perspective,* 1962.
Harry R Boer, *Pentecost and mission,* 1961.
Douwe van Swigchem, *Het missionair karakter van de christelijke gemeente volgens de brieven van Paulus en Petrus,* 1955.
J du Preez, *Sendingperspektief in die boek Openbaring,* 1967.

Dié was almal proefskrifte, dan ook —

Georg F Vicedom, Missio Dei, Einführung in eine Theologie der Mission, 1960.
Johannes Blaauw, *Gottes Werk in dieser Welt,* 1961.
L Newbigin, *The relevance of trinitarian doctrine for today's mission,* 1963.
Nuwe-Testamentici soos O Cullmann, G Stählin en J Jeremias het ook 'n besondere bydrae gelewer.

Andersins moet dit egter toegeskryf word aan die sterk Bybelse karakter van ons Fakulteit wat van die begin af studies in die oorspronklike tale van die Bybel en eksegese en nogmaals eksegese as die fondament van teologiese studie beklemtoon het. Dit sou ons sendingwetenskap blywend beïnvloed. Die resultaat hiervan is dat sending in die *Missio Dei,* die sending van God gegrond is.

2.1.2 'n Tweede kenmerk van die Sendingteorie was die invloed van die

apostolaatsteologie met sending as die wese van die kerk. Dit is weerkaats in die eerste twee artikels van die Sendingreglement van die Ned Geref Kerk wat lui: "Sending is die handelinge van die drie-enige God, Vader Seun en Heilige Gees met die mens en die wêreld waardeur Hy vir Hom uit die ganse menslike geslag 'n gemeente deur sy Woord en Gees vergader. Daarom aanvaar die Ned Geref Kerk dit as die sin en bestemming van sy bestaan om deur God gebruik te word in sy handelinge met die mens en die wêreld."

Die apostolaatsteologie is terug te voer na die werk van Karl Barth in sy *Kirchliche Dogmatik* Band iv/3, 1959 en 'n artikel van hom in "Zwischen den Zeiten": *Die Theologie und die Mission in der Gegenwart,* 1932.
H Kraemer, veral *Kerk en zending,* 1936.
A A van Ruler: *Theologie van het apostolaat,* 1947 en die werke van JC Hoekendijk, *Getemperd ongeduld,* 1953, en *De Kerk binnenste buiten,* 1964.

2.1.3 Die studieprojek oor die sendingstrukture van die Kerk onder leiding van Hans-Jochem Margull in die sestigerjare in die WRK het ook werk in hierdie rigting bevorder. Die volgende studies is hier ter sprake:

"One year's discussion on structures for missionary congregations", *IRM* 1963.
"Towards structures for a missionary congregation, the shape of the Christian community in Asia today", *IRM* 1964.
"Youth-complex-society — the structures of a missionary church", *Youth* 1964.
"Laity and missionary congregations", *Laity* 1964.
"Het oecomenisch studie project 'The Missionary structure of the Congregation' ", *De Heerbaan* 1965.

Die resultaat van hierdie uitgangspunt vir ons sendingstudie was dat die kerk nie as arbeidsveld nie, maar as 'n arbeidskrag in diens van die koninkryk gesien is.

Die rol van die gelowige, die belydende Christen, die medewerker van God, die amp van die gelowige is hier beklemtoon. J J Kritzinger doen sy spoedskripsie vir sy doktoraat hieroor en dit loop uit op die publikasie *Die missionêre gemeente*, 1971.

2.1.4 In die vraag na die doel van die sending is die klassieke formulering van G Voetius as uitgangspunt geneem:

Die *Conversio Gentilium* (Die bekering van die heidene).
Die *Plantatio Ecclesiae* (Die planting van die kerk).

Die *Glorificatio et magnificatio gratiae divinae* (Die verheerliking en grootmaking van die goddelike genade.)

I. DIE BEKERING VAN DIE HEIDENE

Enkelbekering, volksbekering, kultuurkerstening met bygaande vraagstukke soos sinkretisme en die horisontalisering van die evangelie is hier behandel. Bybelvertaling en kommunikasie het aandag geniet. In plaas van 'n sendingmetodiek het ons eerder gepraat van 'n sendingbenadering. Hierin het J H Bavinck op ons sendingwetenskap die belangrikste stempel afgedruk, deels deur sy persoonlike besoeke aan Suid-Afrika en veral deur sy *Inleiding in de Zendingwetenschap,* 1953.

Verder moet genoem word: Eugene Nida met sy *Message and mission, the communication of the Christian faith,* 1960.
H. Kraemer, *The communication of the Christian faith,* 1957 en *The Christian message in a non-Christian world,* 1947.
Carl Kromminga, *The communication of the gospel through neighbouring,* 1964.
J M Cronjé (red), *Van mens tot mens,* 1985.
Oor die sinkretisme: H Kraemer, "Syncretism as religious and missionary problem", *IRM* 1954.
W A Visser 't Hooft, *No other name, the choice between syncretism and Christian universalism,* 1963.
M R v d Berg, *Syncretisme als uitdaging,* 1966.
Oor horisontalisering: P Beyerhaus, *Mission which way, humanization or redemption,* 1971.
David Bosch, *Heil vir die wêreld,* 1979, behandel die Bybelse fundering vanuit die vraag: Wat is die heil vir die wêreld? Die Woord van God wys tereg die valse teenstelling tussen die verwaterde evangelie van die "ecumenicals" en die verskraalde evangelie van die "evangelicals" af en vestig die volle heil in die ontferming van God, die God van die geskiedenis in die *marturia* en in die *missio Dei.*

II. DIE PLANTING VAN DIE KERK

Vir Voetius het dit gegaan om die vraag of dit in die sending gaan om kerkoorplanting of kerkplanting, *plantatio* of *transplantatio.* Vir Rome sê hy gaan dit om kerkoorplanting — die Roomse Kerk word oorgeplant in Afrika, Asië of in die Nuwe Wêreld.

In die gereformeerde teologie gaan dit om kerkplanting omdat God

telkens weer deur sy Woord en Gees die kerk as nuwe skepping in aansyn roep. Daarom het die jong kerk as *ecclesia completa* dadelik sy eie mag (*potestas*), sy eie vorm en sy eie regering. Die eie mag lê vir hom in die lerende, wetgewende en regsprekende mag wat in die amp tot uiting kom en nie van hom vervreem mag word nie. Die eie regering is die erkenning van die selfstandigheid van die jong kerk teenoor die uitgesoekte gesag van die moederkerk. Die eie vorm moet staan op die erkenning van die inheemse karakter waarin die eiesoortige uitdrukking van die jong kerk eerbiedig word.

Eiesoortige kerkvorming is 'n erkende gereformeerde beginsel en moet nie deur die moderne holistiese tydsgees tot 'n uiterlike kerkeenheid in die vorm van een kerkinstituut gedryf word nie. Dit is 'n miskenning van die *polipoikolos* in die werke van God. Die eenheid van die kerk van Christus moet juis sy verskeidenheid vertroetel en uitbou.

Vergelyk hiervoor: I J van der Walt, *Eiesoortigheid en die Sending,* 1963; P Beyerhaus, *Selbständigkeit der jungen Kirchen als missionarisches Problem,* 1959; en N J Smith, *Elkeen in sy eie taal,* 1980 — al drie proefskrifte.

Verder is van belang die vorming van selfstandige kerke soos deur H Venn en Rufus Anderson gesien, en van inheemse kerke soos in die Duitse sendingwetenskap. Vergelyk hier die werk van J C Hoekendijk in *Kerk en volk in die Duitse zendingswetenschap,* 1948, en ook die werke van H Dürr, *Sendende und werdende Kirche,* 1947, en Willem Krige, *Die probleem van eiesoortige kerkvorming by Christian Keyser,* 1964.

'n Belangrike uitbreiding op hierdie tema is die Church Growth-movement van die School of World Mission onder leiding van Donald McGavran. Veelvuldige publikasies het uit hierdie oord verskyn. Uit eie geledere is daar aan die missionêre bediening aandag geskenk. Vgl J J Kritzinger onder die genoemde titel.

III. Wanneer dit kom by kerklike verhoudinge betree ons in die jongste tyd 'n mynveld van teologiese standpunte. Kerklike verhoudinge is vertroebel deur politieke spanninge en teologiese rewolusie. Dit geld vir sowel die verhouding van kerk en samelewing as dié van kerk tot kerk.

In kerk en samelewing is die drie tradisionele modelle van natuur en genade van die Roomse Kerk, die *twee ryke leer* van Luther en die aristokratiese beskouing in gereformeerde kringe agterhaal deur die rewolusionêr-eskatologiese model in die vorm van bevrydingsteologie, teologie van rewolusie en swart teologie. Werke van Pannenberg, H J Moltmann, R Schaull, maar ook van Gustavo Guttierez, James H Cone, A Boesak en andere is van groot betekenis. Sedert 1986 is die tydsgees in beroering gebring deur die Kairos Dokument.

Suid-Afrika is op 'n besondere wyse in die knelgreep van hierdie situasie-teologie gevang. Die vernietigende oorsaak daarvan moet in die plurale aard van die Suid-Afrikaanse samelewing gesoek word. Op die grondslag van die kolonialistiese ideologie het plurale samelewings dwarsdeur die Derde Wêreld tot stand gekom. Samelewings waarin verskillende volke of volkselemente wat kultureel en andersins verskillende en selfs botsende of onversoenbare lewensverbande en waardesisteme handhaaf, is in een politieke verband saamgesnoer; afwesigheid van konsensus en botsing tussen rasse-, stam-, geloofs- of streeksgroepe waarin die sosio-politieke en ekonomiese bedeling deur geweld en magsmetodes in stand gehou moet word kenmerk die plurale samelewing; hulle vermeng in sommige opsigte, maar bind nie op grond van tradisie, geloof, denke of taal nie. Die mees kenmerkende van die plurale samelewing is dat een kulturele minderheid alle ander kultuurgroepe oorheers. Die ander beleef dit as onderdrukking en strewe na bevryding — die oorheerser is verplig om sy politieke bedeling af te dwing op die ondergeskiktes en is baie sterk op dwangmaatreëls en geweld aangewese.

Die ondergeskiktes wend hulle tot bevrydingsteologie en vryheidsvegters, wat deur die oorheersers as terroriste bestempel word. Daar word by die ondergeskiktes sterk oorgeleun na Marxisme en Neo-Marxisme. Omdat van hierdie verskynsel 'n skaalmodel in Suid-Afrika gevind word, is baie tyd bestee aan die studie van Swart Teologie en Marxisme as uitdaging vir die kerk. Vgl C W H Boshoff, *Swart Teologie van Amerika tot in Suid-Afrika,* 1980; Allen Boesak, *Farewell to innocence* 1977.

2.2 In die sendinggeskiedenis is in hierdie departement 'n ongeëwenaarde prestasie gelewer met die publikasie van twee dele waarin die geskiedenis van die Ned Geref Kerk se sending in die binne- en die buiteland volledig beskryf is onder die titel *Aan God die dank* — deel 1 deur D Crafford, deel 2 deur J M Cronjé.

Algemene Sendinggeskiedenis word bestudeer aan die hand van Stephen Neill se *History of Christian missions,* terwyl die geskiedenis van die sending in Afrika aangevul word met A Hastings se *A history of Africa Christianity.*

2.3 Ekumenika rus op publikasies van

H Hoekstra, *Evangelism in eclipse.*
W Saayman, *Unity in mission.*
P Rossouw, *Protestantisme en die Roomse Kerk vandag.*
A Wind, *Zending en ecumene in die 20ste eeu.*

C S Kotzé, *N G Kerk en ekumene.*
W Hud, *Church unity and diversity in the NT.*

3. Die bestudering van die geheim van die godsdiens vind in die

3.1 Godsdiensfenomenologie plaas. Hier word gebruik gemaak van klassieke werke van Placide Tempels, *Bantoefilosofie,* R Otto *Das Heilige,* J H Bavinck, *Religieus besef en het Christelijk geloof,* saam met die werke van Van der Leeuw, Obbinck en Mercia Eliade.

3.2 Die geskiedenis van godsdienste sluit veral in die Afrika-godsdiens, Islam, Hindoeïsme, Boeddhisme en Judaïsme, veral omdat dit die godsdienste is wat lewend in die Republiek van Suid-Afrika en in Afrika voorkom. 'n Gespesialiseerde studieveld waaraan prof Crafford aandag gee, is die onafhanklike kerke in SA. Hierin is Bengt Sundkler nog steeds die belangrikste gesaghebbende terwyl G C Oosthuizen waardevolle navorsing in die veld gedoen het. Laasgenoemde se werk oor die genoemde godsdienste, *Godsdienste van die wêreld,* dien as handboek. Om verder met die kerstening van Afrika kennis te maak, word die werke van J S Mbiti, *Concepts of God in Africa* 1970, *African religions and philosophy,* 1969 en *The prayers of African religion,* 1975 bygewerk. Oor die Afrika-godsdienste is J V Taylor se *Primal vision* nog van die beste.

3.3 In die Godsdiensfilosofie word veral ingegaan op die Marxisme en die ideologisering van die godsdiens.

4. EVALUERING

In 'n evaluering wat heel kort moet verloop, kan die volgende aspekte met waardering vermeld word.

1. Die gelykwaardige plek wat die departement van Godsdiens- en Sendingwetenskap aan die Fakulteit inneem.

2. Die groot getal nagraadse studente vir M Div en DD wat die departement reeds gelewer het en wat nog daarmee besig is.

3. Die belangrike navorsingswerk wat deur die departement in samewerking met ISWEN wat deur die departement in die lewe geroep is, gedoen word. Hier moet die name van dr J M Cronjé en dr J J Kritzinger genoem word. Die unieke navorsingsprojek oor die *Onvoltooide sending-*

taak deur Kritzinger moet as van wêreldgehalte vermeld word. Ander publikasies getuig van die hoë peil van die Instituut se werk.

4. Die instelling en onderhouding van 'n kartoteek van sendingwetenskaplike artikels en publikasies wat 'n onmisbare voorwaarde vir navorsing in die veld is. Dis ook die enigste in ons land.

5. Die groot getal *alumni* van ons fakulteit wat in teologiese skole, teologiese fakulteite en Bybeldepartemente aan verskillende universiteite staan, is bewys van die belangrike grondslae wat in hierdie departement gelê is.

6. Die bydrae tot die kerstening van Afrika, tot die vertaling van die Bybel in Afrika-tale en tot die ontwikkeling van 'n inheemse teologie in Afrika en in die jongste tyd ons aandeel aan die sending in Europa en die Ooste, moet met dank genoem word.

7. Die plek wat sending in die lewe van die Ned Geref Kerk inneem, die rol van ons *alumni* in sendingkantore in streeksinodes en die Algemene Sinode, die aandeel in sendingkongresse en die sendingjaar 1988, is deels die vrug van die sendingstudie aan hierdie fakulteit.

8. Gesaghebbende publikasies in die vorm van sowel monografieë en artikels as preke, referate en toesprake en deelname aan kerklike vergaderings en kommissies is 'n weergawe van volgehoue diens aan die kerk en gemeenskap.

9. Skakeling met studente en opleidingsinrigtings van die Ned Geref Kerk-familie vind steeds plaas.

Daar is egter leemtes wat verdere aandag moet geniet:

1. Die twee Afrikaanse inleidings in die sendingwetenskap te wete H D A du Toit se *Kerstening van die Bantoe* en W J van der Merwe se *Gesante om Christus ontwil* is uit druk en is tot op datum nog nie vervang nie. Dit is vir my 'n groot teleurstelling dat ek uittree sonder om in hierdie behoefte te voorsien.

2. Daar word in ons opleiding te weinig voorsiening vir praktiese sendingervaring gemaak. Meer studente behoort hulle prakties op sendingstasies of in die stedelike of plattelandse sending te doen. Meer proefpreke behoort in die verskillende kerke van die Ned Geref Kerk-familie

gehou te word en meer fakulteitsbesoeke aan sendingvelde behoort gereël te word.

3. Hierdie fakulteit en departement bevind hom in die brandpunt van die kerstening van Afrika. Die grootste verstedelikingsproses vind op sy drumpel plaas, akkulturasie word daagliks op waarnemingsafstand voltrek, Afrika se bevolking is in die omliggende mynkampongs in sirkulasie. Dit alles bied 'n laboratorium van godsdiens- en sendingwetenskaplike navorsing aan ons studente en dosente. Daar word heeltemal te min van die unieke geleenthede gebruik gemaak — Afrika-institute en missiologiese buro's is dikwels meer op hoogte as ons, beskik oor meer navorsingspersoneel en lewer meer wetenskaplike publikasies oor Afrika as ons.

En tog wil ek die oortuiging uitsrpeek dat vir 'n departement wat slegs twintig jaar bestaan en vir die grootste deel oor slegs een en later twee personeellede beskik het voordat die Instituut ons geledere kom versterk het, daar baie is om die Here voor te dank en dat daar 'n goeie fondament is om op voort te bou.

Ek groet u met diepe ootmoed en dankbaarheid vir die voorreg wat my beskore was om in hierdie departement en fakulteit te dien.

Soli Deo Gloria.